

**Perfek**  
'n gids

# Perfek: 'n gids

Riana Joubert

LAPA Uitgewers  
[www.lapa.co.za](http://www.lapa.co.za)

# Inhoudsopgawe

---

	<b>Bladsy</b>
Inleiding	3
A Ontmoet die skrywer	4
B Resensie	6
C Titel, omslag, flapteks en bladuitleg	8
D Opsomming, vrae en aktiwiteite per hoofstuk	10
E Moontlike antwoorde op vrae	33
F Alternatiewe assessering nadat die boek gelees is	39
G Rubrieke	40

## Inleiding

---

Hierdie gids is geskryf met die Afrikaans Eerste Addisionele Taalleerder in gedagte. Dit is bedoel om 'n praktiese hulpmiddel te wees met die lees en behandel van die boek. Dit is belangrik dat alle moontlikhede ontgin word. Die boek se inhoud kan ook gebruik word om taalaktiwiteite op te stel.

### **Die gids is in 'n paar praktiese afdelings opgedeel.**

In die eerste afdeling ontmoet ons die skrywer, Jaco Jacobs. Hierdie bladsy kan vergroot word en in die klas opgeplak word. Daar kan ook ander foto's van hom gedruk word. In hierdie gids is daar vrae en antwoorde wat saam met die inligting van die skrywer gaan. Dit kan as 'n luisteroefening behandel word.

Die volgende afdeling is 'n resensie van *Perfek*, wat van *Litnet* af verkry is. Hierdie resensie het praktiese inligting soos die hoeveelheid bladsye waaruit die boek bestaan, die prys, nog inligting oor Jaco Jacobs en inligting oor die illustreerder. Die resensie kan vir die leerders afgedruk word en die vrae wat volg, kan as 'n begripstoets gebruik word.

Dan word daar gekyk na die titel, die omslag, die flapteks en die bladuitleg. Dit is belangrik dat lesers beseft die lees van 'n boek begin by die omslag en dat hulle baie mooi hierna kyk. Hoewel 'n paar praktiese voorstelle gemaak word, kan die leerders self gevra word wat hulle alles raaksien op die omslag. Leerders is dikwels baie meer oplettend en kreatief as ons! Daar volg 'n paar vrae ná hierdie afdeling.

Hierna word hoofstuk vir hoofstuk behandel. By elke hoofstuk is daar 'n opsomming, vrae, woordeskat en ander praat- en skryfaktiwiteite. Die woordeskatlyste kan aangepas word by die taalvaardigheid van die betrokke groep. Leerders kan ook hul eie woordeskatlyste opstel soos die boek gelees word. *Perfek* ontleen hom tot wonderlike kreatiewe projekte in die klaskamer en in die rekenaarklas. Dit is egter nie nodig om altyd alle skryftake en praktiese opdragte uit te voer nie. Die onderwyser kan self besluit

wat gepas is en hoeveel tyd tot jou beskikking is. Ná hierdie afdeling volg al die moontlike antwoorde op vrae.

Die laaste aktiwiteit is 'n alternatiewe metode om die boek as 'n geheel te toets en jonger leerders voor te berei om 'n literêre opstel te skryf.

Die laaste afdeling bevat al die assesseringsrubrieke wat die onderwyser mag nodig kry.

(uit Sweef: 'n gids, bl. 1 – 15)

## A. Ontmoet die skrywer

---



Jaco Jacobs is op die Karoodorpie Carnarvon gebore en het daar grootgeword. Hy sê die Karoo is sy gunstelingplek op aarde. “Ek is mal oor die stilte en die stories en die rustigheid van die Karoo – dis die perfekte plek om te skryf. Ek het op 'n plaas grootgeword, en vakansies gaan ek nog gereeld terug soontoe.”

Jaco het al op skool aan skryfkompetisies begin deelneem. In matriek was hy hoofseun van die Hoërskool Carnarvon en het hy ook begin om vir tydskrifte soos *Sarie* verhale te skryf.

Hy het ná skool aan die Universiteit van die Vrystaat gestudeer. In 2001, terwyl hy nog op universiteit was, het sy eerste kinderboek, *Troetelgedrog*, by LAPA Uitgewers verskyn. Ná sy studentejare was hy redakteur van *JIP* en die boekeblad by *Volksblad* in Bloemfontein, en deesdae is hy uitgewer van kinder- en jeugboeke by LAPA Uitgewers.

Jaco sê hy skryf omdat hy mal is oor stories. “As ek besig is met 'n storie, staan ek soggens baie vroeg al op om daaraan te werk. Skryf is vrek harde werk, maar dis ook opwindend, want die skrywer self weet nie eens altyd presies wat in die storie gaan gebeur nie. Mense vra my dikwels waar ek idees vir stories kry.

Dis vir my baie moeilik om te sê. Idees skiet sommer uit die bloute in my kop op. Dit gebeur veral as ek gaan draf of wanneer ek langpad ry. As ek reg onthou, het ek die idee vir *Perfek* gekry nadat ek 'n vlooiemarkstalletjie gesien het wat T-hemde met allerhande funky slagspreuke verkoop het.”

Sy boeke is onder meer bekroon met die Alba Bouwerprys, die C.P. Hoogenhouttoekenning, die MML-letterkundeprys en verskeie ATKV-kinderboektoekennings. Hy skryf ook kortverhale, rubrieke en tydskrifartikels, en het al meer as 130 boeke in Afrikaans vertaal.

Jaco woon in Bloemfontein, en as hy nie skryf nie, gaan stap hy met Pippie, sy Jack Russel, of hy flik, draf of neem foto's.

Bron: Jaco Jacobs

## **Luisteroefening:**

Hierdie inligting van Jaco Jacobs kan as 'n luisteroefening gebruik word.

### **Metode**

1. Onaktief luister: Die onderwyser lees die inligting van Jaco Jacobs en die leerders luister net.
2. Aktief luister: Die onderwyser lees die inligting 'n tweede keer en die leerders mag notas maak.
3. Die onderwyser lees die inligting 'n derde keer.
4. Gee die vrae aan die leerders en hulle skryf hul antwoorde neer.
5. Merk die vrae en gee 'n punt uit tien.

### **Vrae**

1. In watter dorpie het Jaco Jacobs grootgeword?
2. Watter prestasie het hy op hoërskool bereik?
3. Noem een rede waarom hy van die Karoo hou.
4. Vir watter tydskrif het hy verhale geskryf terwyl hy nog op skool was?
5. Aan watter universiteit het hy gestudeer?
6. Watter tyd van die dag skryf hy op sy beste?


7. Wat is die naam van sy Jack Russel?
8. Waar het hy die idee vir die boek *Perfek* gekry?
9. Noem 2 dinge wat hy in sy vrye tyd doen.

[10]

## Antwoorde

1. Carnarvon
2. Hy was hoofseun.
3. Hy hou van die stilte/die rustigheid.
4. *Sarie*
5. Universiteit van Vrystaat
6. Vroeg in die oggend
7. Pippie
8. Op 'n vlooiemark toe hy T-hemde met slagspreuke sien.
9. Stap met Pippie, flik, draf, neem foto's (enige 2)

## B. Resensie



**Ouderdomsgroep:**

13+

**Kategorie:**

Fiksie

**ISBN:** 9780799344325

**Formaat:**

Sagteband:

137 x 212 mm

**Bladsye:** 88

**Prys:** R80,00

## Perfek Jaco Jacobs

Blonde hare ...  
 Helderblou oë ...  
 'n Skitterwit glimlag ...

Natasja is perfek. Dit beseft Jak die oomblik toe sy by die klas se deur instap. Maar hy is net 'n doodgewone ou. Hoe kan hy die mooiste meisie in die skool se aandag trek? Julia, sy beste vriendin, het 'n plan ...

### Die skrywer

Jaco Jacobs het op Carnarvon grootgeword en woon deesdae in Bloemfontein. Meer as 40 kinder- en jeugboeke het reeds uit sy pen verskyn. Hy is reeds agt keer met die ATKV-kinderboektoekenning bekroon. Sy jeugroman *Suurlemoen!* is ook onlangs deur die Suid-Afrikaanse been van IBBY (International Board on Books for Young People) aangewys as ereboek in die kategorie Afrikaans. Verdere toekennings sluit in die Alba Bouwer-prys en

die CP Hoogenhout-medalje vir sy bundel rympies *Wurms met tamatiesous*.

### **Die illustreerder**

Nicolene Louw het grafiese ontwerp aan die Universiteit van Pretoria studeer, waarna sy haar meestersgraad in illustrasie aan die Universiteit van Stellenbosch klaargemaak het. Sy woon in Pretoria en is tans dosent, vryskut-illustreerder, en ontwerper. Van haar werk is gepubliseer in *Noseweek*, *The Mail and Guardian* en *Laugh it off*. Ander kinderboeke wat sy geïllustreer het, sluit in *Erik en die kido-dinges* en *Die beste toebroodjie*.

Bron: <http://www.litnet.co.za>

## **Begripstoets oor resensie**

Lees die resensie wat op *Litnet* oor *Perfek* verskyn het en beantwoord dan die vrae:

1. Wat kos die boek?
2. Wie is die skrywer?
3. Uit hoeveel bladsye bestaan die boek?
4. Noem 3 dinge om vir Natasja te beskryf.
5. Wie is Jak se beste vriendin?
6. Waar het Jaco Jacobs gewoon toe hy klein was?
7. Hoeveel kinder- en jeugboeke het hy al geskryf?
8. Watter gesogte prys het hy al 8 keer gewen?
9. Wat is die naam van sy boek wat gediggies in het?
10. Wie het die prente in *Perfek* geteken?
11. Noem 2 ander boeke wat Nicolene Louw al geïllustreer het.
12. Wat is 'n dosent?
13. Watter ouderdom kinders sal dit geniet om *Perfek* te lees?

## **Antwoorde**

1. R80,00
2. Jaco Jacobs
3. 88 bladsye
4. Blonde hare, helderblou oë, skitterwit glimlag



5. Julia
6. Carnarvon
7. Meer as 40
8. ATKV-kinderboektoekenning
9. *Wurms met tamatiesous*
10. Nicolene Louw
11. *Erik en die kido-dinges, Die beste toebroodjie*
12. Iemand wat klasgee aan 'n universiteit
13. Tieners 13 jaar en ouer

## C. Titel, omslag, flapteks en bladuitleg

---

### Titel

Die titel van 'n boek is die eerste ding wat enige leser opmerk. Ons kan ook gewoonlik uit die titel aflei waaroor die boek gaan. Indien ons na die titel *Perfek* kyk, lei ons af dat iets of iemand perfek is. Dan is daar ook die gebruik van kleur in die titel. "Ek" is in wit en die res van die letters in rooi. Ons kan hieruit aflei dat die "ek" in die boek, of iemand in die verhaal perfek is. Die titel laat ons dink dat die meisie, Natasja, perfek is. Die seuns dink sy is perfek en die ander meisies is jaloers op haar omdat sy perfek is. Aan die einde van die boek kom ons agter dat die titel eintlik misleidend was en dat dit nie Natasja is wat perfek is nie, maar Jak en Julia wat perfek vir mekaar is. Saam met die titel is die outeur se naam ook op die voorblad.

### Omslag

Nadat die leser die titel gelees het, is dit die omslag wat sy aandag trek. Soms is dit eers die omslag wat die leser se aandag trek! As ons na *Perfek* se omslag kyk, neem ons aan dat dit 'n meisie is wat perfek is. Daar word ook dinge genoem wat haar perfek maak: haar blou oë, skitterwit glimlag, lang bene en blonde hare. Ons kan ook aflei dat die perfekte meisie nog op skool is omdat sy 'n skooluniform dra en haar hare vasgemaak is. Alhoewel die tekening van die meisie 'n skets is, is daar ook foto's van voorwerpe soos die sjampoe, die bene en tandepasta. Daar is ook 'n groot hart wat ons laat dink dat dit 'n liefdesverhaal kan wees.

## **Flapteks**

Die flapteks is 'n kort opsomming van die inhoud van die boek sonder om die storie te verklap. Die leser is nuuskierig oor die verhaal nadat hy die flapteks gelees het. Nadat die leser na die omslag gekyk het, draai die leser die boek om en lees op die flapteks van die mooiste, perfekste meisie, Natasja, en ook van Jak en sy beste vriendin, Julia. Julia het 'n plan hoe om vir Natasja te kry om vir Jak raak te sien.

## **Bladuitleg**

Die boek is vir tieners geskryf. Dit handel oor tieners in 'n skool, groepsdruk en 'n nuwe meisie wat die vreedsame vriendskappe omdop. Wat anders is aan hierdie boek, is die tekeninge, opmerkings en die gebruik van kleur in byvoorbeeld die opskrifte. Dit prikkel dadelik die leser se aandag en maak die lees van die boek 'n interessante, visuele ervaring. Dit word nou 'n leesboek vir tieners met die visuele impak van boeke vir kleuters.

## **Vrae oor die titel, omslag, flapteks en bladuitleg:**

1. Watter dinge op die omslag van die boek prikkel jou om dit te lees?
2. Wat merk jy alles op van die illustrasie op die voorblad?
3. Dink jy hierdie meisie is nog op skool? Waarom?
4. Noem 3 dinge op die voorblad wat impliseer dat sy "perfek" is.
5. Kyk na die titel. Waarom dink jy is die "ek" in wit letters geskryf?
6. Van watter drie karakters lees ons op die flapteks?
7. Dink jy die keuse van 'n swart buiteblad is goed?
8. Noem 3 goed wat anders is in hierdie boek as in ander boeke wat julle onlangs gelees het.

## **Moontlike antwoorde:**

1. Die kleur, die meisie, die hart (liefdesverhaal), dat dit oor tieners gaan, die omskrywing op die flapteks.
2. Dit is 'n skoolmeisie, sy het lang bene, wit tande, blou oë en blonde hare.
3. Ja, haar hare is vasgemaak en sy dra 'n skooluniform.
4. Lang bene, skitterwit glimlag, helderblou oë, blonde hare

5. Dalk is dit die “ek” wat ’n perfekte maat soek, dalk is “ek” perfek.
6. Natasja, Jak, Julia
7. Ja, dit staan uit tussen ander boeke.
8. Die prente binne die boek, die gebruik van kleur en die briefies wat gedruk is.

## D. Opsomming, vrae en aktiwiteite per hoofstuk

---

### Hoofstuk 1 – Jak se hart

#### Opsomming

Jak is in graad 10 en redelik gewild. Hy beleef ’n baie vervelige skooldag. Hy hou baie daarvan om kitaar te speel en wil baie graag sy eie liedjies skryf, maar hy is te skaam om dit te sê. Terwyl hulle in die Afrikaansklas met juffrou Samuels is, kom mnr. Brink, die skoolhoof, binne. Hy stel die klas voor aan die perfekste nuwe meisie wat die klas nog ooit gesien het. Haar naam is Natasja. Jak is onmiddellik verlief.

#### Vrae

- 1.1 Hoe oud is Jak?
- 1.2 Watter musiekinstrument kan hy speel?
- 1.3 Hoe lyk hy? Noem twee dinge.
- 1.4 Wanneer gaan iets interessants met Jak gebeur?
- 1.5 In wie se klas is die leerders?
- 1.6 Wat is die naam van die skoolhoof?
- 1.7 Wie is die nuwe meisie in graad 10?
- 1.8 Natasja het ’n uitwerking op Jak. Noem 3 dinge wat gebeur as sy vir hom kyk en glimlag.
- 1.9 Wat beteken die idioom: Hy het sy hart verloor?

#### Woordeskat

doodgewone	gewild	strokiesprente
verstrooid	haat	skaam
stomgeslaan	staar	glimlag

## Gesels

Op bladsy 8 is daar 'n prentjie van Natasja. Volgens die verteller is sy perfek. Hoe lyk iemand wat perfek is? Die klas kan in groepe opeel en daaroor gesels. Is daar regtig iemand wat perfek is, of is dit die media wat ons voorskryf hoe die perfekte persoon moet lyk? Die klas kan ook na advertensies kyk waarin meisies (of seuns) gebruik word en kyk hoe hulle voorgestel word. Julle kan ook vir voorbeelde soek waar die modelle met die rekenaar “perfek” gemaak is.

## Skryf

Jak beleef 'n vervelige skooldag. Jy gaan ook soms deur dae sonder om regtig daaraan te dink wat alles gebeur. Skryf 'n dagboekinskrywing oor een dag hierdie week. Begin van die oomblik wat die wekker lui totdat jy uiteindelik weer in die bed klim. Onthou, 'n dagboekinskrywing is jou persoonlike ervaring van 'n dag en jy kan daarin skryf net wat jy wil. In 'n dagboek skryf ons veral hoe ons oor goed voel en wat ons dink. Jy kan ook jou bladsy versier sodat dit soos 'n regte bladsy in jou dagboek lyk. Jou inskrywing moet omtrent 100 woorde lank wees.

---

## Hoofstuk 2 – Vincent en Wayne

### Opsomming

Vincent en Wayne het 'n nuwe rekenaarprogram ontwerp. Die program ontleed 'n meisie en gee haar dan 'n punt uit tien. Al wat 'n mens hoef te doen, is om inligting oor die meisie vir die program in te voer en die program gee dan 'n punt uit tien. Pouse stap Natasja, Thando en Michelle na die snoepie. Die seuns reken dat die mooiste meisies altyd Apletiser drink en hulle hou die meisies dop om te sien wat hulle by die snoepie koop.

### Vrae

- 2.1 Noem 3 ander seuns in Jak se klas.
- 2.2 Wat is die naam van Vincent en Wayne se nuwe rekenaarprogram?

- 2.3 Verduidelik in jou eie woorde wat hierdie program kan doen?
- 2.4 Watter koeldrank drink die meeste modelle?
- 2.5 Maak 'n lys van die drie meisies en wat elkeen van hulle drink.

### Woordeskat

rekenaar  
snoepie  
navorsing

rekenaarprogram  
gewild

pouse  
depressief

## Gesels

### Werk in groepe.

Maak 'n opname in jou graad. Maak 'n lys van die soorte koel-dranke wat in julle snoepie verkoop word. Probeer uitvind wat almal se gunsteling-koeldrank in die snoepie is. Merk die antwoorde af op julle lys. As julle ten minste 100 leerders gevra het, kan julle die antwoorde optel en probeer sien watter koeldrank die gunsteling in die graad is. Dit kan ook interessant wees as jy die seuns en die meisies in aparte kolomme afmerk om te sien of hul antwoorde verskil. Deel jul antwoorde met die klas.

## Skryf

Skryf jul bevindinge neer en plak dit êrens in die klas op sodat die ander leerders daarna kan kyk. As daar iemand in jul groepe is wat baie rekenaarvaardig is, is dit groot pret om 'n diagram met jul inligting op 'n rekenaar te maak.

---

## Hoofstuk 3 – Onderstebo

### Opsomming

Julia is Jak se beste vriendin. Haar ma besit 'n koffiewinkel, met die naam Koffieklets. Jak werk soms daar in die middag. Jak en Julia is al vriende vandat hulle drie jaar oud is. Hulle woon langs mekaar en is op omtrent al hulle kleintydfoto's saam. Julia hou van kuns en verf. Sy neem kuns as vak. Sy dra altyd 'n T-hemp met 'n prent of 'n woord op wat haar bui verklap. Julia vertel vir Jak dat sy met haar kêrel uitgemaak

het en Jak vertel vir haar dat hy die meisie van sy drome ontmoet het. Jak sing vir Julia 'n nuwe en simpel "koffieliedjie". Julia reken dat Jak altyd op die verkeerde meisies verlief raak.

## Vrae

- 3.1 Wat is die naam van die koffiewinkel?
- 3.2 Wie is die eienares van die koffiewinkel?
- 3.3 Wie is Julia? Skryf ten minste 3 goed oor haar neer.
- 3.4 Hoe het Jak die littekentjie op sy bolip gekry?
- 3.5 Wat versamel Julia?
- 3.6 Hoe verklap haar T-hemde haar bui?
- 3.7 Wat is Julia se eks-kêrel se naam?
- 3.8 Watter woord moet in elke vers van die "koffieliedjie" wees?
- 3.9 Wat beteken dit as iemand "neus-in-die-lug" is?

## Woordeskat

geverf	vars	kelners
litteken	skuld	enige / enigste
snuffel	vlooiemark	skottelgoedwasser
drome	gewaarsku	deuntjie
simpel	probleem	verkeerde
wenkrou	onderstebo	bui

## Skryf

### Vriendskaplike brief

Jou vriend is in die hospitaal nadat hy seergekry het. Jy kan self besluit of dit op die rugbyveld gebeur het, of 'n hond hom gebyt het en of hy met 'n hokkiebal raakgeslaan is. Skryf vir hom 'n brief waarin jy hom 'n spoedige herstel toewens. Jy kan ook vertel wat in die skool gebeur terwyl hy weg is en gee hom 'n goeie rede, soos 'n partytjie oor die naweek, om gou gesond te word.

### Jou brief moet:

- 150 woorde lank wees (tel en dui aan);
- die regte formaat hê;
- eers rofweg beplan word (handig in);
- 'n interessante inleiding, inhoud en slot hê;
- taal en spelling moet korrek wees.

## Speel!

### Ontwerp 'n T-hemp

Julle kan weer in groepe werk of jy kan op jou eie werk. Ontwerp 'n T-hemp met 'n prent en 'n woord wat dubbelsinnig of snaaks is. Dink wat dit sou beteken as Julia se T-hemp “koei” in plaas van “onderstebo” gesê het. Wat van 'n T-hemp met die woord “Liewe Heksie” of “gousblom”? Woorde saam met 'n prentjie kan baie betekenis dra. (Kyk ook na Julia se T-hemp op bl. 78 en Jak se hemp op bl. 86.) Gebruik die woordeboek as julle regtig nie self aan 'n woord kan dink nie. Die T-hemde kan op 'n A3-bladsy ontwerp en uitgeknipt word. Nadat almal se ontwerpe klaar is, kan dit aan 'n tou soos 'n wasgoedlyn in die klas opgehang word.

---

## Hoofstuk 4 – Pennetjie-pos

### Opsomming

Terwyl Jak huiswerk doen, is daar 'n geluid by sy kamer-venster. Dit is 'n briefie aan 'n vislyn. Jak en Julia se kamers is oorkant mekaar en hulle het 'n vislyn tussen hulle kamer-vensters gespan. Hulle gebruik dit om briefies vir mekaar te stuur. Julia het vir Natasja ontmoet en dink dat sy net in modes, grimering (make-up) en mans belangstel. Julia dink Natasja sal met Jak uitgaan as hy alles doen wat sy sê.

### Vrae

- 4.1 Watter gewoonte het Jak as hy met iets sukkel?
- 4.2 Wat vind hy by sy venster?
- 4.3 Verduidelik wat “pennetjie-pos” is.
- 4.4 Wat is 'n MMM-meisie?
- 4.5 Wat, dink Julia, soek meisies soos Natasja in 'n seun?

### Woordeskat

huiswerk	tong	glimlag
wasgoedpennetjie	vislyn	hoogtepunt / laagtepunt
flo	geduldig	voorspelbaar

## Skryf

### Geheime briefies

Noudat daar reeds 'n vislyn in julle klas is met die T-hemde, kan julle vir iemand in die klas 'n geheime briefie skryf. Dit moet 'n kompliment aan iemand wees en moet 'n geheim bly wie die briefie opgehang het. (Julle kan vir die onderwyser vra om die briefies op te hang.) Dit is 'n wonderlike manier om vir iemand 'n kompliment te gee as jy te skaam is, en dit is ook wonderlik om 'n kompliment te kry.

---

## Hoofstuk 5 – Die weddenskap

### Opsomming

Jak en Julia is besig om op te pak en tafels af te vee in Koffieklets. Jak wil baie graag met Natasja na die Lentedans toe gaan en hy vra vir Julia vir hulp. Julia dink Natasja is net soos 'n moeilike kliënt in die koffiewinkel en dat 'n mens net vir haar alles moet gee waarvoor sy vra. Hulle gaan 'n weddenskap op 'n week se footjies aan dat Julia vir Natasja gaan kry om met Jak na die dans te gaan. Julia moet nou alles oor Natasja gaan uitvind.

### Vrae

- 5.1 Wat het die groep vrouens in Koffieklets gemaak?
- 5.2 Wat is vandag op Julia se T-hemp? Kyk of jy dit kan vertaal.
- 5.3 Met wie vergelyk Julia vir Natasja?
- 5.4 Wat is Julia se groot plan om vir Natasja te kry om van Jak te hou?
- 5.5 Watter drie goed van Natasja onthou Jak?
- 5.6 Noem 4 goed wat Julia van Natasja gaan uitvind.

### Woordeskat

fooitjie	ernstig	kuiken
gevaarlike	beïndruk	kliënt
frons	poniestert	weddenskap



## Skryf

### Plakkaat van die Lentedans.

Maak 'n plakkaat om die Lentedans of 'n dans in julle skool te adverteer. Onthou om al die relevante inligting in te sluit, soos:

- die plek,
- die tyd,
- die drag of tema,
- die prys en
- waar die kaartjies beskikbaar is.

Onthou, mense lees plakkate om inligting te kry. Jou plakkaat moet dus netjies, kleurvol en leesbaar wees.

### Kaartjie na die dans.

Ontwerp nou 'n kaartjie om by jou plakkaat en die tema van die dans te pas. Die kaartjie moet min of meer dieselfde inligting op hê as die plakkaat en ook sê hoeveel mense toegang het.

---

## Hoofstuk 6 – Spioene

### Opsomming

Julia het 'n weddenskap met Jak dat sy alles oor Natasja sal uitvind sodat sy van Jak kan hou. Wayne, Vincent en Jak staan onder 'n boom en gesels. Hy vind uit dat Julia hulle gevra het om alles oor Natasja uit te vind. Hulle het reeds op die internet gevind dat sy baie skoonheidskompetisies gewen het. Hulle is van plan om daardie middag mense by haar vorige skool te bel om nog inligting te vind.

### Vrae

- 6.1 Noem die name van die 3 seuns wat onder die boom staan.
- 6.2 Wat het Julia vir Wayne en Vincent gevra om te doen?
- 6.3 Waarin gaan Wayne alles oor Natasja skryf?
- 6.4 Wat het hulle op die internet gevind?
- 6.5 Wat is hul plan om alles oor haar hartsgeheime uit te vind?

## Woordeskat

stry

spioeneer

geheimsinnig

weddenskap

kompetisies

nuuskierig

verrassing

## Gesels

**Dialoog:** Julle gaan in pare werk. Jy moet probeer om binne tien minute soveel as moontlik van jou vriend uit te vind. Vra interessante vrae, soos sy gunsteling-fliek of van watter kos hy glad nie hou nie, waaroor hy droom, sy nagmerries en dalk vertel hy jou watter meisie hy bewonder! Dit mag nie oninteressante nuus wees waarvan almal weet nie. Jy moet kort notas maak, sodat jy alles kan onthou as jy vir die klas terugvoering gee.

## Skryf

Maak 'n kort opsomming van jou vriend met al die inligting wat jy uitgevind het vir die mondeling. Julle gaan dit op 'n vel papier skryf, dit versier en in die klas opplak. Dit sal interessant wees as hy vir jou 'n foto kan bring, of iemand in die klas kan foto's neem.

## Hoofstuk 7 – Die glimlag

### Opsomming

Mnr. Walters lees voor uit *Romeo and Juliet*. Jak kou aan sy potlood en staar na Natasja. Iemand gee vir haar 'n briefie en sy glimlag breed. Jak dink sy glimlag vir hom, maar toe sien hy sy glimlag vir Michael Meyer, wat die briefie gestuur het. Michael is een van die gewildste seuns in die skool en ook die kaptein van die o.16-rugbyspan. Jak voel dat hy reeds die weddenskap verloor het.

### Vrae

7.1 Wie is die Engels-onderwyser?

7.2 Uit watter boek lees hulle?

7.3 Wat is Jak besig om te doen terwyl hy na Natasja kyk?

7.4 Vir wie glimlag Natasja?

7.5 Hoe beskryf Jak haar glimlag?

## Woordeskate

potlood  
sonskyn

moesie  
aantreklik

wetenskaplike  
vuisslaan

## Hoofstuk 8 – Hoogs geheim

### Opsomming

Julia en Jak is tydens pouse in die kunsklas. Hy hou daarvan om na haar te kyk as sy verf. Julia het 'n papier met al Natasja se hoogs geheime inligting by haar. Jak is mismoen dig omdat sy nie van ouens soos hy hou nie. Julia moedig hom aan om haar na die katteskou te vat. Dit is 'n groot probleem vir Jak aangesien hy allergies vir katte is.

### Vrae

- 8.1 Waar is Jak en Julia tydens pouse?
- 8.2 Wat beteken dit as iemand “'n kat se kans het”?
- 8.3 Waarheen wil Julia hê moet Jak vir Natasja vat?
- 8.4 Waarom is dit nie so 'n goeie idee nie?
- 8.5 Wat het Natasja se ma vroeër gedoen?
- 8.6 Waarvan hou Natasja glad nie?
- 8.7 Wat is haar gunsteling-diere?
- 8.8 Van watter koeldrank hou sy baie?

## Woordeskate

verfkwas  
allergies  
aarbei-sorbet

pouses  
sakeman

frons  
aktrise

### Skryf

Kyk na die “hoogs geheim”-bladsy van Natasja op bl. 43. Volg hierdie formaat en skryf jou eie inligting. Jy kan dit op die rekenaar doen of jy kan dit met die hand skryf. Jy moet 'n foto van jouself daarop vasplak.

---

## Hoofstuk 9 – Die groot vraag

### Opsomming

Jak is baie gespanne om die mooiste meisie in die skool uit te vra. Toe die klok vir pouse lui, sien Jak dat Natasja haar potloodsakkie vergeet het. Hy neem dit vir haar en knoop 'n geselsie aan oor katte. Hy vra haar uit na die komende katteskou in die winkelsentrum, en hoewel sy dink dat dit 'n vreemde plek is om 'n meisie na uit te vra, stem sy in om hom Saterdag om 10:00 daar te ontmoet.

### Vrae

- 9.1 Verduidelik hoe Jak se gesiguitdrukking lyk as jy na die prentjie op bladsy 36 kyk.
- 9.2 Wat gee hy vir Natasja toe hy uitstap ná pouse?
- 9.3 Wat beteken dit as iemand “sy naam krater maak”?
- 9.4 Water soort katte het Natasja?
- 9.5 Hoe voel hierdie oomblik vir Jak?
- 9.6 Dink Natasja dat dit 'n oorspronklike plan is?
- 9.7 Hoe laat kry hulle mekaar Saterdag by die katteskou?

### Woordeskat

probleem

vreemde

benoud

doodernstig

frons

potloodsakkie

tergend

sepie

### Skryf

Maak 'n plakkaat om die katteskou te adverteer. Jou plakkaat moet die volgende inligting op hê:

- Wat
- Waar
- Wanneer
- Tyd
- Toegangsgeld

Plak 'n paar prente van interessante katte op 'n plakkaat en skryf iets oor die pryse wat die katte gaan wen.

---

## Hoofstuk 10 – Make-over

### Opsomming

Jak en Julia stap saam huis toe soos hulle elke middag doen. Julia is baie opgewonde dat Natasja saam met hom na die katteskou toe gaan, maar nou moet hulle sy voorkoms verander. Sy wil vir hom ander klere koop en ook sy hare laat sny. Julia dink Jak moet eers die meisie met sy voorkoms beïndruk en dan later sal sy van sy persoonlikheid ook hou. Julia gee vir hom inligting oor die musiekgroepe West Life, Backstreet Boys en Eden om te lees. Dit is die groepe waarna Natasja luister en dan sal hy iets hê om met haar oor te gesels.

### Vrae

Voltooi die volgende paragraaf deur die ontbrekende woorde in te vul.

Jak en Julia stap saam huis toe ná skool van ..... af. Julia wil die volgende middag vir Jak help om nuwe ..... uit te soek en sy ..... te laat knip. Sy dink dat daar 3 goed fout is met Jak: sy ....., sy ..... en sy ..... Sy wil ook ..... in sy hare sit. Jak dink dit is belangriker dat 'n meisie van sy ..... hou as hoe hy lyk. Julia gee vir hom inligting oor ....., ..... en ..... om te lees sodat hy en Natasja iets het om oor te .....

### Woordeskat

suur  
ingedagte  
ernstig  
artikels

ooreenkoms  
afspraak  
persoonlikheid

maag  
vonkel  
duiweltjies

---

## Hoofstuk 11 – Skoukatte

### Opsomming

Jak is ongemaklik in sy nuwe klere en met sy nuwe haarstyl terwyl hy vir Natasja by die katteskou wag. As sy opdaag, kan hy aan niks dink om oor te gesels nie. Dan sien sy 'n sfinks-kat en sê dat dit vir haar die mooiste kat is wat sy nog ooit gesien het en dat sy graag een vir haar verjaarsdag wil hê. Jak is lomp en sê dat Catwoman sy gunsteling-kat is en dat hy van katte hou omdat hulle katterig is. Natasja dink hy is snaaks. Jak se neus begin toeswel van die katte en hy stel voor dat hulle 'n aarbei-sorbet by Café Mozart gaan eet.

### Vrae

- 11.1 Is Natasja betyds vir hulle afspraak?
- 11.2 Wat is die enigste ding wat hy aanhet wat soos sy eie voel?
- 11.3 Verduidelik wat hy aanhet.
- 11.4 Hoe laat die nuwe klere en gel in sy hare hom voel?
- 11.5 Hoe klink Natasja se stem vir hom?
- 11.6 Wat gebeur met Jak as hy rondom katte is?
- 11.7 Beskryf die lelikste kat wat Jak nog ooit gesien het.
- 11.8 Hoe verskil katte en honde, volgens Jak?
- 11.9 Waarheen gaan hulle vir sorbet?

### Woordeskat

vreemde	geraai	beledig
onthou/herinner	swel	bewonder
grondboontjebotter	katterig	eienaar
slaaf	skitterend	

### Skryf

Op bladsy 47 moet jy vir Jak uithelp! Hy kan nie aan dinge dink om met Natasja te gesels nie. Maak 'n lysie van so 5 onderwerpe waaroor hulle kan gesels. Jy kan die inligting uit die boek gebruik as leidrade, of ander interessante goed skryf waaroor jy met 'n meisie/seun sal gesels.

---

## Hoofstuk 12 – Wen en verloor

### Opsomming

Jak se kamer is baie deurmekaar. Hy gesels met Wayne en Vincent. Hulle is verras dat Natasja hom na haar huis genooi het om haar katte te ontmoet al was sy oë toegeswel. Jak het haar nog nie vir die Lentedans gevra nie. Vincent is opgewonde dat Jak met die meisie wat die hoogste telling nog ooit op Projek Perfek gekry het, na die Lentedans toe gaan. Hulle dink hulle vriend word 'n man!

### Vrae

- 12.1 Kies die regte antwoord uit die lysie hieronder: Natasja het vir Jak na haar huis toe genooi, omdat:
- 12.1.1 Sy verlief is op hom
  - 12.1.2 Sy vir hom haar katte wil wys
  - 12.1.3 Hulle saam na die Lentedans toe gaan
  - 12.1.4 Julia die weddenskap verloor het

### Woordeskate

netjies

toegeswel

verskoning

verbaas

oorhaastig

---

## Hoofstuk 13 – Nuwe vriende

### Opsomming

Jak hou nie van Maandae nie. Vandag is hy gespanne, want hy weet nie of Natasja hom gaan ignoreer nie. Sy kom na hom aangesweef en vra hom om by hulle te sit. Michael beskryf Jak se hare as 'n mossienes voordat hy dit gesny het. Hulle praat oor Westlife se musiek en Jak het inligting oor hulle nuwe liedjie wat almal beïndruk. Vincent en Wayne sluit by hulle aan, maar Jak sê vir hulle dat hy te besig is om met hulle te gesels. Die nuwe vriende noem Vincent en Wayne nerds. Jak glimlag as hy vir Julia sien. Sy stap van

die kunsklas af. Sy is ingedagte en het groen verf op haar neus. Natasja noem haar vreemd. Natasja sê sy is jammer dat sy Jak se vriendin beledig het.

## Vrae

Karakters. In kolom A is daar 'n lys karakters. In kolom B is daar beskrywings van die karakters. Kyk of jy hulle by mekaar kan pas.

Naam	Beskrywing
A. Jak	1. Een van die gewildste meisies in die skool
B. Julia	2. Is verlief op Natasja
C. Natasja	3. Neem kuns as vak, Jak se beste vriendin.
D. Wayne	4. Aktrise in TV-reeks
E. Vincent	5. Krieketspeler
F. Rasheed	6. Rugbykaptein en baie aantreklik
G. Michelle	7. Hou baie van rekenaars
H. Thando	8. Het Projek Perfek begin
I. Michael	9. Nuwe, mooiste meisie in die skool

## Woordeskat

buitengewoon  
stotter  
staar

bekommerd  
gluur  
ingedagte

tas  
waarheid

## Gesels

Gesels in groepies en deel dan die inligting met die hele klas. Praat oor groepe in die skool.

- Wie is die gewilde groepe, sportgroepe, nerds, emo's en kunsinniges. Waarom is daar hierdie groepe?
- Is dit reg dat sekere kinders uit groepe uitgesluit word, of moet ons eerder probeer om van almal te hou?
- Was jy al by 'n groep uitgesluit?
- Hoe voel dit om by 'n nuwe skool te begin?



## Skryf

Skryf 'n nota aan 'n vriend/vriendin wat onlangs deur julle groepie uitgesluit is. Sê vir hom dat jy jammer is en dat jy besef dat julle baie lelik was. Maak 'n voorstel om iewers te ontmoet vir 'n melk-skommel of 'n koeldrank, om daarvoor op te maak.

## Hoofstuk 14 – Die plan

### Opsomming

Jak en Julia is in die koffiewinkel. Hy hou van die T-hemp wat sy aanhet. Voorop is 'n afdruk van die Mona Lisa wat lipstiffie dra. Jak het moeilike kliënte wat oor alles kla. Hy onthou dat die kliënt altyd reg is en doen alles wat hulle vra. Hulle los vir hom 'n groot footjie. Julia moedig hom aan om die volgende dag vir Natasja na Koffieklets te nooi en haar vir die Lentedans te vra. Julia onderneem om hulle by 'n privaat tafeltjie te laat sit.

### Vrae

- 14.1 Noem 3 dinge waaroor die mense in Koffieklets kla.
- 14.2 Noem iets waaroor jy al in 'n restaurant gekla het en hoe die kelner dit reggestel het.
- 14.3 Wat wil Julia hê moet Jak die volgende dag doen?
- 14.4 Waar gaan Jak en Julia in Koffieklets sit?
- 14.5 Wie is op Julia se T-hemp? Wat is vreemd daaromtrent?

### Woordeskat

gunsteling	kliënte	klant
tevrede	verskoning	suiwer
footjie	waardeer	frons
skuldig	ongeduldig	privaat

### Gesels

#### Rolspel

Werk in groepe van 3. Daar moet 'n kelner en twee mense by 'n tafeltjie in die restaurant wees. Julle moet aantrek volgens die rolle, die tafeltjie dek en 'n spyskaart hê. Die kelner bedien die

kliënte, maar hulle vind fout met allerhande dinge. Besluit vooraf waarom julle gaan gesels, en doen dit so realisties as moontlik. (Hierdie rolspel kan ook gedoen word nadat Hoofstuk 16 gelees is.)

---

## Hoofstuk 15 – Liefdesliedjie

### Opsomming

Jak sit in sy kamer en sing die liedjie wat hy eenkeer vir 'n kompetisie geskryf het. Hy hou nie eintlik van die liedjie nie en het dit nog nooit vir iemand gesing nie. Dit is 'n liefdesliedjie. Sy vriende, Wayne en Vincent, is kwaad vir hom omdat Natasja se vriende met hulle aaklig was. Tweede pouse het hy ook 'n verskoning uitgedink om nie saam met hulle na die mediasentrum te gaan nie. Hy is geïrriteerd en bang om vir Natasja uit te vra. Terwyl hy sy tande borsel, dink hy dat hy nie van sy nuwe haarstyl hou nie, maar dat dit belangrik is dat Natasja daarvan hou.

### Vrae

- 15.1 Lees die liedjie en maak 'n lysie van al die goed wat bymekaar pas. Kyk of jy aan nog 'n paar dinge kan dink, byvoorbeeld: borrels en Coke!
- 15.2 Is die volgende stellings waar of onwaar. Haal elke keer 'n frase aan om jou antwoord te bewys.
  - 15.2.1 Jak hou baie van sy nuwe haarstyl.
  - 15.2.2 Hy het die liedjie in 'n kompetisie gesing.
  - 15.2.3 Hy was nie tweede pouse na die mediasentrum toe nie.
  - 15.2.4 Hy is baie opgewonde om vir Natasja na die dans toe te vra.

### Woordeskat

sout

asyn

koppie

piering

twyfel

aaklig

---

## Hoofstuk 16 – Koffie sonder room

### Opsomming

Jak ontmoet vir Natasja by Koffieklets. Julia is hulle kelner en is baie vriendelik. Julia glimlag oor sy klere en hy besluit om die naweek nuwe klere te gaan koop. Hulle sit by die tafeltjie in die hoek en Natasja vra hom uit oor Julia. Hy ontken dat hulle al baie lank vriende is en Julia hoor hom. Sy is woedend. Natasja bestel 'n laevet-melkskommel en Jak 'n Coke. Natasja sê sy dink dit is common om 'n kelner te wees en dat sy gedink het Jak is 'n nerd. Toe hulle bestelling kom, kla Natasja oor die room op die melkskommel en Julia stem in om vir haar 'n melkskommel sonder room te bring. Sy skep egter net die room af en Natasja kla weer. Sy bestel 'n Appletiser. Net toe Jak weer vir Natasja vir die dans wil vra, kom Julia uit die kombuis gestorm met 'n kannetjie spuitroom en spuit dit in Jak se gesig. Daarna spuit sy ook vir Natasja in die gesig. Sy storm by die koffiewinkel uit. Jak staan verbaas na Julia en staar.

### Vrae

- 16.1 Waar ontmoet Jak vir Julia?
- 16.2 Wat maak die ontmoeting baie romanties?
- 16.3 Hoe beledig Jak vir Julia?
- 16.4 Wat bestel Jak en Natasja om te drink?
- 16.5 Waaroor kla Natasja en wat stem Julia in om te doen?
- 16.6 Waaroor kla Natasja die tweede keer en wat bestel sy toe?
- 16.7 Waarmee spuit Julia vir Jak en Natasja in die gesig?
- 16.8 Hoe word Natasja se gesig wat vol room is, beskryf?

### Woordeskat

trots	professioneel	sakgeld
vonke	spyskaart	kurkdroog
melkskommel	laevet	room
ongeskik		

## Skryf

### Koffieklets se spyskaart

Jou onderwyser sal jou help deur trefwoorde op die bord te skryf. Jy moet dan 'n spyskaart saamstel vir 'n koffiewinkel. Jou koffiewinkel moet 'n naam hê en elke item moet 'n realistiese prys langsaan hê. Onthou hierdie is 'n koffiewinkel, so daar sal net goed wees om te drink, koeke, terte en dalk ligte middagetes. Jy kan jou spyskaart in die klas maak en dit versier met prente uit ou tydskrifte of jy kan dit in die rekenaarklas doen.

---

## Hoofstuk 17 – Die alleenste mens op aarde

### Opsomming

Jak probeer om met Julia kontak te maak deur pennetjiespos, maar sy antwoord nie. Sy is waarskynlik woedend oor wat in die koffiewinkel met Natasja gebeur het. Hy dink dat Julia nogal mooi was toe sy so kwaad was. Hy probeer sy ander vriende, Wayne en Vincent, bel, maar ook hulle antwoord nie. Natasja is ook kwaad vir hom. Hy voel baie alleen.

### Vrae

Voltooi die volgende paragraaf deur die ontbrekende woorde in te vul:

Julia antwoord nie op Jak se ..... nie. Sy is ..... omdat Jak met haar lelik was in die Koffiewinkel. Jak se vriende, ..... en ....., is ook kwaad vir hom omdat hy nie tydens ..... saam met hulle wou wees nie. Jak dink dat Julia nogal ..... was toe sy so kwaad was. Jak voel baie alleen omdat al sy vriende vir hom kwaad is.

### Woordeskaf

vonke

vrek mooi

hengse

vergeet

## Skryf

Skryf 'n nota. Jou vriend is baie kwaad vir jou oor iets wat gebeur

het. Skryf 'n klein notatjie aan hom en vra om verskoning. Dit moet 'n opregte verskoning wees en jy moet noem wat jy verkeerd gedoen het.

---

## Hoofstuk 18 – Die waarheid (volgens Wayne en Vincent)

### Opsomming

Jak hou nie van skool nie. Natasja staar na hom. Hy is baie bang om vir Julia te sien. Almal weet nou dat Natasja saam met Michael na die dans toe gaan. Pouse gaan vra Jak om verskoning vir Wayne en Vincent in die mediasentrum. Hulle wil weet of hy probeer het om vir Natasja te soen en of dit waar is dat sy hom geklap het. Hy besef dat dit die stories is wat sy nou versprei. Sy vriende reken dat Julia net die weddenskap voorgestel het om vir Jak te bewys hoe vlak meisies soos Natasja is. Sy het dit alles gedoen net om vir Jak te bewys dat hoe 'n mens lyk, nie al is wat tel nie.

### Vrae

- 18.1 Met wie gaan Natasja na die Lentedans?
- 18.2 Waar vind Jak sy vriende tydens pouse?
- 18.3 Wat vra hy vir hulle?
- 18.4 Noem twee stories wat Natasja van Jak versprei.
- 18.5 Waarom dink Vincent en Wayne het Julia so 'n weddenskap met Jak aangegaan?

### Woordeskat

pyn	verbaas	moroon
verdiende loon	brein	moedeloos
stadig	verduidelik	verander
onderwerp	vergewe	

---

## Hoofstuk 19 – Glasdeur

### Opsomming

Jak bel aanhoudend die koffiewinkel en sit dan die telefoon neer net voordat iemand antwoord. Die sesde keer wat hy bel, antwoord Julia se ma en sê dat sy by die huis is. Julia antwoord nie haar selfoon nie. Jak staar na foto's van toe hulle klein was. Daar is een van toe hy in die glasdeur vasgehardloop het en steke op sy bolip het. Hy wonder hoe sy lewe sal wees as Julia nie daarin is nie en as sy vir hom kwaad bly. Hy kom tot die besef dat hy nog nooit ernstig met ander meisies was nie, omdat hy verlief is op Julia. Dit voel asof hy weer in 'n glasdeur vasgehardloop het.

### Vrae

#### Opsomming

Hierdie is 'n belangrike moment in die verhaal. Verduidelik in jou eie woorde wat hier gebeur. Jy moet ten minste 50 woorde skryf.

### Woordeskat

uiteindelik	eintlik	stempos
foto	fotograaf	onafskeidbaar
ernstig	skaam	dom
verlief		

---

## Hoofstuk 20 – Ja/Nee

### Opsomming

Jak skryf 'n briefie waarin hy vir Julia vra om saam met hom na die Lentedans toe te gaan. Hy neem twee ou T-hemde uit sy kas en op die een skryf hy "ja" en op die ander een "nee". Hy vra dat sy die T-hemp moet dra met haar antwoord as hy by haar gaan koffie drink. Hy stuur die briefie en die T-hemde met pennetjie-pos na haar toe. Hy loop op en af in die kamer terwyl hy vir 'n antwoord wag. Toe die pennetjie-pos terugkom, sien hy dat sy albei T-hemde teruggestuur het en sy

het hulle stukkend geknip. Nou weet hy dat sy kwaad is, maar hy weet ook dat sy nie lank kwaad bly nie.

## Vrae

- 20.1 Wat vra Jak vir Julia in die briefie?
- 20.2 Waarom gebruik hy T-hemde om die antwoord te kry?
- 20.3 Hoe kry hy die briefie en T-hemde tot by Julia?
- 20.4 Wat is haar antwoord?
- 20.5 Wat gee vir Jak moed?

## Woordeskat

duisendste  
letters

sinne  
grawe

ewigheid  
knyp

## Hoofstuk 21 – Koffie

### Opsomming

Jak sit voor Julia se deur en sing 'n koffieliedjie. Sy maak uiteindelik die deur oop. Haar hare hang los oor haar skouers, sy het 'n verfstreep teen haar nek en sy dra 'n T-hemp wat “plofbaar” sê. Hy vertel haar van Vincent en Wayne wat 'n skoonheidskompetisie gaan beoordeel. Julia is nie beïndruk nie en wil weet waarom hy daar is. Sy sê dat hy 'n idioot was en sê dat sy hom vergewe en dat hulle vriende kan wees. Hy antwoord dat hy nie meer wil vriende wees nie, en toe gooi sy hom met 'n koffiebeker. Dit mis hom net-net. Hy gryp haar hand en soen haar. Sy ruk los en sê vir hom dat dit vreemd is om jou beste vriend te soen. Sy wil nie erken dat sy jaloers op Natasja was nie. Hy daag haar uit om te sê dat sy nie vir hom lief is nie. Haar antwoord is dat sy al op hom verlief was, maar dat sy besluit het dit is beter om net vriende te wees. Sy begin weer koffie maak en Jak sing vir haar die liefdesliedjie wat hy nog vir niemand gesing het nie. Nadat hy gespeel het, staan hy op en stap by hulle huis uit. Hier eindig die boek, of is dit nie die einde nie?

## Vrae

- 21.1 Sê of die volgende stellings **Waar of Onwaar** is. Haal elke keer 'n frase aan om jou antwoord te bewys:
- 21.1.1 Julia dra 'n T-hemp met die antwoord op.
  - 21.1.2 Julia is geïnteresseerd om van Wayne en Vincent te hoor.
  - 21.1.3 Jak wil graag Julia se vriend wees.
  - 21.1.4 Sy gooi hom raak met die koffiebeker.
  - 21.1.5 Julia was nog nooit verlief op Jak nie.
  - 21.1.6 Julia ken die liefdesliedjie wat hy sing, baie goed.
  - 21.1.7 Sy stop hom voor hy by die voorhekkie uitstap.

### Woordeskat

onnosel

gordyne

moedeloos

vermoor

voorkeur

staar

ketel

tydskrif

vergewe

beïndruk

uitasem

jaloers

vasbeslote

tevrede

teelepel

bekend

## Gesels

### Die einde van die verhaal.

Hoe sou julle wou hê moet die boek eindig? Praat in groepies en deel dan julle antwoorde met die klas. Die meisies sal dalk 'n ander einde as die seuns kies.

---

## Die laaste hoofstuk

### Opsomming

Jak draai om toe hy Julia se stem hoor. Sy het 'n verfkwas in haar hand en met groot letters skryf sy "ja" regoor sy gunsteling-T-hemp van Green Day. Sy trek hom nader en soen hom. Sy antwoord nie of sy saam met hom na die dans toe sal gaan nie. Sy sê hulle sal moet sien wat gebeur. Hy soen haar voorkop en toe haar lippe en dit voel perfek.



## Vrae

- 22.1 Waar speel hierdie hoofstuk af?
- 22.2 Wat staan op Jak se T-hemp voordat sy daarop verf?
- 22.3 Wat is haar antwoord oor die dans?
- 22.4 Waarom dink jy is die boek se titel *Perfek*?

### Woordeskat

dwarsdeur	materiaal	gunsteling
huiwer	tuinhekkie	voorspel
lankal	soen	

## Skryf

### Dagboek

Julia en Jak skryf elke dag in hulle dagboeke. Kies of jy Jak of Julia is. Skryf nou 'n paar dagboekinskrywings. Jou dagboek kan óf inskrywings wees van opeenvolgende dae óf dit kan versprei wees oor die tydperk van die boek.

- Jy moet die dag en datum boaan elke inskrywing hê.
- Dit moet soos 'n regte dagboek lyk.
- Jy moet ten minste 150 woorde skryf (tel en dui aan).
- Jy moet jou eerste poging en rowwe beplanning inhandig om gemerk te word.
- Redigeer jou eerste poging.
- Die inligting moet by die inhoud van die boek aanpas.
- Jy sal volgens 'n rubriek nagesien word.

## Praat

### Vorbereide mondeling

Nadat die boek gelees is, gaan jy 'n voorbereide mondeling doen oor een van die volgende onderwerpe:

- Groepsdruk onder tieners
- Is dit nodig om jouself te verander om by 'n groep in te pas?
- Bespreek die verskillende groepe wat in jou skool (of area) voorkom.
- Hoe die media vir ons voorskryf wat die perfekte idee van 'n man of vrou is.
- Katte is beter troeteldiere as honde.
- Vertel vir die klas van 'n interessante kunswerk, soos die *Mona Lisa*.

## **Kriteria**

- Jou mondeling moet die korrekte lengte wees.
  - Jou inligting moet op sleutelkaartjies geskryf word.
  - Jy moet 'n interessante inleiding en slot hê.
  - Jy moet oogkontak met die klas maak.
  - Jy moet duidelik en hard praat sodat almal jou kan hoor.
  - Oefen jou toespraak by die huis sodat jy dit met selfvertroue kan lewer.
- 

## **Nog 'n paar vrae:**

- 23.1 Wat is die lesse wat ons uit hierdie boek leer?
- 23.2 Gaan soek al die verwysings na die titel *Perfek* totdat ons uiteindelik by die regte rede kom waarom die titel *Perfek* is.
- 23.3 In watter ruimtes speel hierdie verhaal af?
- 23.4 Wie is die verteller van hierdie verhaal? Watter soort verteller is dit?
- 23.5 Wat bou spanning op in hierdie verhaal?
- 23.6 Wat is die klimaks van die verhaal?
- 23.7 Wat is die tema van die verhaal?

## **E. Moontlike antwoorde op vrae**

---

### **Hoofstuk 1**

- 1.1 Vyftien jaar oud
- 1.2 Kitaar
- 1.3 Donker hare, blou oë
- 1.4 In die middel van die Afrikaans-periode.
- 1.5 Juffrou Samuels
- 1.6 Meneer Brink
- 1.7 Natasja
- 1.8 Sy keel trek toe, oë wil nie knip nie, hart klop wild.
- 1.9 Hy is verlief.

## **Hoofstuk 2**

- 2.1 Fred, Vincent, Wayne
- 2.2 Projek Perfek
- 2.3 Hulle voer 'n foto van 'n meisie in die program. Die program ontleed die foto en gee die meisie 'n punt uit tien.
- 2.4 Appletiser
- 2.5 Michelle – Coke Lite; Thando – mineraalwater; Natasja – Appletiser

## **Hoofstuk 3**

- 3.1 Koffieklets
- 3.2 Julia se ma
- 3.3 Julia is Jak se beste vriendin. Sy hou van verf en kuns, sy versamel T-hemde, sy werk in Koffieklets in haar vrye tyd.
- 3.4 Julia het hom gejaag en toe hardloop hy in die glasdeur vas.
- 3.5 T-hemde
- 3.6 Sy dra 'n T-hemp met 'n woord wat haar bui verklap.
- 3.7 Clinton
- 3.8 Die woord “koffie”
- 3.9 Hulle dink hulle is beter as jy.

## **Hoofstuk 4**

- 4.1 Sy tong se punt steek effens uit.
- 4.2 'n Stukkie papier met 'n wasgoedpennetjie aan 'n vislyn.
- 4.3 Jak en Julia stuur vir mekaar briefies aan 'n vislyn wat tussen hul kamervensters gespan is.
- 4.4 Meisies wat net in mans, modes en make-up belangstel.
- 4.5 Sy soek mans wat haar laat goed voel oor haarself.

## **Hoofstuk 5**

- 5.1 Hulle het 'n vergadering gehou.
- 5.2 Gevaarlike kuiken
- 5.3 Sy vergelyk haar met 'n moeilike kliënt.
- 5.4 Haar plan is om presies uit te vind van watter soort ouens Natasja hou en dan seker te maak dat Jak presies so 'n ou is.
- 5.5 Haar hare, oë en glimlag.
- 5.6 Waarvan sy hou en nie hou nie, watter soort fliek sy kyk, watter soort musiek sy na luister, watter parfuim sy gebruik.

## **Hoofstuk 6**

- 6.1 Jak, Wayne, Vincent
- 6.2 Sy wil hê hulle moet op Natasja spioeneer en alles omtrent haar uitvind.
- 6.3 'n Notaboek
- 6.4 Natasja het op laerskool baie skoonheidskompetisies gewen.
- 6.5 Hulle gaan met mense by haar vorige skool gesels.

## **Hoofstuk 7**

- 7.1 Meneer Walters
- 7.2 *Romeo and Juliet*
- 7.3 Hy kou aan sy potlood.
- 7.4 Sy glimlag vir Michael Meyer.
- 7.5 Dit is perfek soos die sonskyn of die borrels in koeldrank.

## **Hoofstuk 8**

- 8.1 Hulle is in die kunsklas.
- 8.2 'n Mens staan 'n kans om iets reg te kry.
- 8.3 Na die katteskou
- 8.4 Jak is allergies vir katte.
- 8.5 Sy was 'n aktrise.
- 8.6 Sy hou nie van lees nie.
- 8.7 Haar twee Siamese katte.
- 8.8 Appletiser

## **Hoofstuk 9**

- 9.1 Hy lyk benoud, hy sweet, sy oë is groot.
- 9.2 Sy het haar potloodsakkie vergeet en hy gee dit vir haar buite die klas.
- 9.3 Hy doen iets wat ander mense vir hom laat lag.
- 9.4 Siamese katte
- 9.5 Soos 'n advertensie op televisie
- 9.6 Sy dink dat dit 'n vreemde idee is.
- 9.7 Tienuur

## **Hoofstuk 10**

Jak en Julia stap saam huis toe ná skool van GRAAD 1 af. Julia wil die volgende middag vir Jak help om nuwe KLERE uit te soek

en sy HARE te laat knip. Sy dink dat daar 3 goed fout is met Jak: sy JEANS, sy T-HEMDE en sy SKOENE. Sy wil ook GEL in sy hare sit. Jak dink dit is belangriker dat 'n meisie van sy PERSOONLIKHEID hou as hoe hy lyk. Julia gee vir hom inligting oor WEST LIFE, EDEN en die BACKSTREET BOYS om te lees sodat hy en Natasja iets het om oor te PRAAT.

## Hoofstuk 11

- 11.1 Nee, sy is 10 minute laat.
- 11.2 Sy horlosie
- 11.3 'n Ligblou hemp, Soviet-jean, nuwe sneakers
- 11.4 Al die nuwe klere laat hom vreemd voel.
- 11.5 Dit klink soos 'n kat wat spin.
- 11.6 Sy kopvel kriel en dan swel sy oë toe.
- 11.7 'n Sfinks. Hulle het nie hare nie, 'n rotgesig en reuse ore.
- 11.8 'n Hond aanvaar jy is sy baas, 'n kat dink hy is jou baas.
- 11.9 Café Mozart

## Hoofstuk 12

- 12.1.2 Sy wil vir hom haar katte wys.

## Hoofstuk 13

- |        |        |        |
|--------|--------|--------|
| A. – 2 | B. – 3 | C. – 9 |
| D. – 8 | E. – 7 | F. – 5 |
| G. – 1 | H. – 4 | I. – 6 |

## Hoofstuk 14

- 14.1 Die spyskaart wat in Engels is, die melk is nie warm genoeg nie, hulle hou nie van hulle sitplek nie.
- 14.2 Enige antwoord uit eie ondervinding.
- 14.3 Hy moet die volgende dag vir Natasja na die Lentedans vra.
- 14.4 Die privaat tafeltjie in die hoek.
- 14.5 Mona Lisa. Sy het lipstiffie aan.

## Hoofstuk 15

- 15.1 liedjie en deuntjie, sout en asyn, blokraaisel en letters, raaisel en antwoord, lemoen en skywe, Laurel en Hardy, lippe en 'n soen. Voltooi self die lys en kry nog interessante antwoorde uit die klas.

- 15.2.1 Onwaar. “lyk vreemd”
- 15.2.2 Onwaar. “het hy nie deelgeneem nie”
- 15.2.3 Waar. “hy het ’n flou verskoning uitgedink.
- 15.2.4 Onwaar. “voel dit so vreemd”

## **Hoofstuk 16**

- 16.1 Die koffiewinkel, Koffieklets
- 16.2 Die romantiese musiek
- 16.3 Jak ontken dat Julia sy beste vriendin is en antwoord dat sy net langsaaan hom woon.
- 16.4 Jak – Coke; Natasja – laevet-melkskommel
- 16.5 Sy kla dat daar room op die melkskottel is en Julia stem in om vir haar ’n ander een te bring.
- 16.6 Sy kla dat Julia net die room afgeskep het en nou wil sy ’n Appletiser hê.
- 16.7 ’n Kannetjie spuitroom
- 16.8 Sy lyk soos ’n reuse roompoffer.

## **Hoofstuk 17**

Julia antwoord nie op Jak se PENNETJIE-BRIEWE nie. Sy is KWAAD omdat Jak met haar lelik was in die Koffiewinkel. Jak se vriende, VINCENT en WAYNE, is ook kwaad vir hom omdat hy nie tydens POUSE saam met hulle wou wees nie. Jak dink dat Julia nogal MOOI was toe sy so kwaad was. Jak voel baie alleen omdat al sy vriende vir hom kwaad is.

## **Hoofstuk 18**

- 18.1 Saam met Michael
- 18.2 In die mediasentrum
- 18.3 Hy vra om verskoning omdat hy so aaklig met hulle was.
- 18.4 Dat hy probeer het om haar in die koffiewinkel te soen en dat sy hom toe geklap het.
- 18.5 Sy wou hom laat sien hoe vlak ’n meisie soos Natasja is.

## **Hoofstuk 19**

Jak bel die hele tyd vir Julia om te sê dat hy jammer is. Sy antwoord nie haar telefoon nie. Haar ma sê vir hom dat sy nie by Koffieklets is nie, maar by die huis. Hy kyk na al die foto’s van toe

hulle klein was. Hy wonder hoe sy lewe sou wees as sy nie daarin was nie. Hy kom tot die besef dat hy al die tyd op haar verlief is. Dit laat hom voel asof hy weer in 'n glasdeur vasgeloop het.

## Hoofstuk 20

- 20.1 Hy vra haar om saam met hom na die Lentedans toe te gaan.
- 20.2 Julia hou van T-hemde en hy stuur twee. Een met “ja” op en die ander een met “nee” op.
- 20.3 Hy stuur dit met pennetjie-pos aan die vislyn tot by haar kamer.
- 20.4 Sy stuur albei die T-hemde terug.
- 20.5 Hy weet sy is kwaad, maar dat sy nie lank kwaad bly nie.

## Hoofstuk 21

- 21.1.1 Onwaar – “plofbaar”
- 21.1.2 Onwaar – “lyk nie beïndruk nie”
- 21.1.3 Onwaar – “ek wil nie vriende wees nie”
- 21.1.4 Onwaar – “koes net betyds”
- 21.1.5 Onwaar – “was ek 'n keer of wat verlief op jou”
- 21.1.6 Onwaar – “sy ken nie die liedjie nie”
- 21.1.7 Onwaar – “hy maak die voorhekkie agter hom toe”

## Die laaste hoofstuk

- 22.1 Voor Julia se huis.
- 22.2 Green Day
- 22.3 Sy verf “ja” op sy hemp, so sy sal saam met hom gaan.
- 22.4 Jak en Julia pas perfek bymekaar.

## Nog 'n paar vrae

- 23.1 Dat 'n mens nie hoef te verander sodat mense van jou kan hou nie; mens moenie jou vriende verloën nie; mens moenie probeer voorgee dat jy iets of iemand anders is nie; soms is die persoon vir wie jy lief is reg voor jou oë. (Laat die klas met ander voorstelle kom.)
- 23.2 Vriendskap met Julia is perfek; katte is purrrr...fek; Natasja lyk aanvanklik perfek; hulle tafeltjie by Koffieklets is perfek; Julia se plan is nie perfek nie; Jak en Julia se soen voel perfek.

- 23.3 Die **ruimte** is die plekke waar die karakters hulself bevind. In *Perfek* is hulle op skool, in Koffieklets en Jak en Julia is by hulle huise. Daar is ook die katteskou wat hulle besoek.
- 23.4 In *Perfek* het ons met 'n **eksterne verteller** te doen. Ons weet nie wie hy is nie, maar hy stel ons aan die karakters voor en verduidelik insidente uit sy perspektief. Hy vertel dus net dit wat hy wil hê ons moet weet.
- 23.5 Die leser wonder die hele tyd of Jak vir Natasja sover gaan kry om saam met hom na die Lentedans te gaan. Dan besef die leser dat dit nie Natasja is op wie hy verlief is nie, maar Julia. Dit bou nog meer spanning op. Die manier waarop die boek "eindig" laat die leser dink dat Jak nooit vir Julia gaan sê hoe hy voel nie, en dan blaai 'n mens om en die verhaal gaan voort.
- 23.6 Die klimaks van die verhaal is wanneer Jak besef dat hy eintlik verlief is op Julia, terwyl sy vir hom woedend is. (Hoofstuk 19 – Glasdeur)
- 23.7 Hierdie is 'n tiener-liefdesverhaal. Die tema van hierdie verhaal is wat tieners dink die perfekte meisie is, en dat 'n mens jouself nie moet verander om by daardie persoon aan te pas nie. Soms is die mense vir jy lief is, reg voor jou oë. Ander temas kan ook wees: die belangrikheid van vriende, ware vriende, en dinge wat nie is soos dit wil voorkom nie.

## **F. Alternatiewe assessering nadat die boek gelees is**

---

### **Literêre Illustrasie**

Hierdie aktiwiteit vat die hele boek saam en berei die junior studente voor om 'n literêre opstel te skryf as hulle ouer is. Hierdie aktiwiteit werk baie goed in die rekenaarklas, maar dit werk net so goed as 'n handgeskrewe taak, wat geïllustreer word met prente of tekeninge.

### **Instruksies:**

Die taak bestaan uit vier A5 bladsye wat die volgende inligting insluit:



1. Bladsy 1: Ontwerp 'n nuwe voorblad met 'n nuwe titel en 'n outeur. Jou voorblad moet 'n prent, of collage van prente hê wat die inhoud van die boek illustreer.
2. Bladsy 2: Skryf 'n nuwe flapteks (opsomming) van die verhaal. Dit moet tussen 120 en 150 woorde lank wees. Jy moet jou eie woorde gebruik.
3. Bladsy 3: Maak 'n lys met 15 nuwe woorde wat jy geleer het en gebruik elkeen in 'n goeie volsin. Die sin moet met die verhaal verband hou, maar mag nie net so uit die boek kom nie.
4. Bladsy 4: Skryf 'n karakterskets van een van die hoofkarakters van omtrent 50 woorde. Skryf ook jou opinie van die boek op hierdie bladsy. Verduidelik waarom jy van die boek gehou het, of waarom jy nie van die boek gehou het nie. Dit moet omtrent 25 woorde lank wees.

<b>1. Nuwe voorblad, titel van boek, outeur</b>	<b>2. Nuwe flapteks of opsomming</b>
<b>3. Lys met 15 nuwe woorde in sinne</b>	<b>4. Karakterskets en opinie</b>

## G. Rubrieke

### RUBRIEK: Literêre Illustrasie

KRITERIA		PUNT				
1.	Doel: Taak slaag in sy doel. Inligting is toepaslik en op die inhoud van die boek gebaseer.	5	4	3	2	1
2.	Organisering van inhoud: Inligting is goed uiteengesit, voldoende en korrek volgens instruksies.	5	4	3	2	1
3.	Visuele en ontwerpelemente: Nuwe voorblad maak 'n impak en pas visueel by die inhoud van die boek.	5	4	3	2	1
4.	Taal, woordeskaf, spelling: Noukeurige taalgebruik en goeie sinskonstruksies. Goeie woordeskaf wat korrek gespel is.	5	4	3	2	1
<b>TOTAAL: 20</b>						

**RUBRIEK: Voorbereide toespraak**

	7	6	5	4	3	2	1
<b>Beplanning en inhoud</b>	Uitstekende insig	Baie goeie insig	Goeie insig	Redelik goeie insig	Vol-doende insig	Min bewyse van insig	Geen insig
<b>Taal en woorde-skat</b>	Uitstekend en idiomaties	Baie goed	Goed	Redelik goed	Vol-doende	Moeder-taal-invloed	Onge-skik
<b>Kontak met die gehoor</b>	Uitstekende oog-kontak	Baie goeie oog-kontak	Goeie oog-kontak	Redelike goeie oog-kontak	Vol-doende oog-kontak	Beperkte oog-kontak	Geen oog-kontak
<b>Uit-spraak</b>	Uitstekend	Baie goed	Goed	Redelik goed	Vol-doende	Onduide-lik	On-hoorbaar
<b>Hulp-middele en kaartjies</b>	Uiters effektief	Baie goed	Goed	Redelik effektief	Vol-doende	Oneffek-tief, lees	Lees
<b>TOTAAL: 35</b>							

**RUBRIEK: Funksionele skryfwerk: Brief, dagboek**

	3	2	1
<b>Formaat en lengte</b>	Formaat korrek. Gepaste lengte	Formaat-gedeelte korrek. Verkeerde lengte	Formaat foutief. Heeltemal te kort of te lank.
<b>Toon, styl en register</b>	Uitmunten. Brijjante styl. Verskeie sinstipes.	Gepas. Hinderlike stylfoute. Beperkte gebruik van sinstipes	Onvanpas. Onaanvaarbare stylfoute. Swak sinstipes.

	7	6	5	4	3	2	1
<b>Spelling, punktuasie en taalgebruik</b>	Uitstekend	Verdienslik	Goed	Matig	Swak	Elementêr	Onverstaanbaar
<b>Hantering van onderwerp</b>	Uitmuntend	Verdienslik	Goed	Middelmatig	Swak	Elementêr	Mis onderwerp
<b>TOTAAL: 20</b>							

### RUBRIEK: Dagboek, nota

	KRITERIA	PUNT				
1.	Inhoud: Die inhoud is interessant en persoonlik van aard	5	4	3	2	1
2.	Toon, register, styl: Dit is duidelik dat dit 'n persoonlike weergawe van die leerder is.	5	4	3	2	1
3.	Formaat: Gebruik die korrekte formaat.	5	4	3	2	1
4.	Taal en spelling: Taal, spel en leestekens is korrek, die redigering is gedoen.	5	4	3	2	1
<b>TOTAAL: 20</b>						

### RUBRIEK: Plakkaat

	KRITERIA	PUNT				
1.	Doel: Taak slaag in sy doel. Inligting is volgens die teikengroep.	5	4	3	2	1
2.	Organisering van inhoud: Inligting is goed uiteengesit en voldoende.	5	4	3	2	1
3.	Visuele en ontwerpelemente: Plakkaat maak 'n impak en pas visueel by die opdrag.	5	4	3	2	1
4.	Taal, woordeskat, spelling: Noukeurige taalgebruik en goeie woordeskat en korrek gespel.	5	4	3	2	1
<b>TOTAAL: 20</b>						

**RUBRIEK: Rolspel**

	KRITERIA	PUNT				
1.	<b>Inhoud:</b> Die gespek is op die inhoud van die boek gebaseer en strook met die opdrag.	5	4	3	2	1
2.	<b>Bou:</b> Gesprek het 'n begin, ontwikkeling en slot.	5	4	3	2	1
3.	<b>Aanbieding:</b> Die rolspel word met geesdrif en selfvertroue gedoen. Dit is hoorbaar en realities. Die interaksie tussen die karakters is realities.	5	4	3	2	1
4.	<b>Taalgebruik:</b> Taalgebruik is korrek en gepas vir die situasie. Idiomatiese taalgebruik teenwoordig.	5	4	3	2	1
<b>TOTAAL: 20</b>						

**RUBRIEK: Voorbereide lees**

	KRITERIA	PUNT				
1.	Toon begrip van die teks en betekenis word oorgedra.	5	4	3	2	1
2.	Stemgebruik is vlot, die tempo en frasering is goed.	5	4	3	2	1
3.	Uitspraak is duidelik en hoorbaar.	5	4	3	2	1
<b>TOTAAL: 15</b>						

**RUBRIEK: Funkisionele skryfwerk**

	3	2	1
<b>Formaat en lengte</b>	Formaat korrek. Gepaste lengte	Formaat-gedeelte korrek. Verkeerde lengte	Formaat foutief. Heeltemal te kort of te lank.
<b>Toon, styl en register</b>	Uitmunterend. Verskeie sinstipes.	Gepas. Hinderlike stylfoute. Beperkte gebruik van sinstipes	Onvanpas. Onaanvaarbare stylfoute.

	<b>7</b>	<b>6</b>	<b>5</b>	<b>4</b>	<b>3</b>	<b>2</b>	<b>1</b>
<b>Spelling, punktuasie en taalgebruik.</b>	Uitstekend	Verdiensielik	Goed	Matig	Swak	Elementêr	Onverstaanbaar
<b>Hantering van onderwerp</b>	Uitmuntend	Verdiensielik	Goed	Middelmatig	Swak	Elementêr	Mis onderwerp
<b>TOTAAL: 20</b>							